

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

CLOVER SE HEILBRON-KOEI IS OPPAD NATAL TOE

Die slot op die deur van Clover Heilbron gaan binne die eerste helfte van 2022 toegedruk word. Die megafabriek van die maatskappy in Queensburgh, KwaZulu Natal gaan meeste van die verwerking nou oorneem. Clover het nie 'n direkte vraag beantwoord wanneer die fabriek finaal sluit nie, maar wel te kenne gegee dat dit voor die middel vanjaar sal wees. Heilbron Herald het ook aan hulle gevra wat die moontlikheid is van ander beleggers om die fabriek te koop en sodoende werksgeleenthede te probeer behou, aangesien die sluiting 'n groot ekonomiese impak op die dorp het. Clover se woordvoerder, Steven Velthuisen, sê die verskuiwing van Clover se produksiefasiliteit van Heilbron na Queensburgh is etlike jare gelede omvattend oorweeg en op besluit as deel van Clover se Projek Sencillo. Die verskuiwing is ook volledig by die Mededingingskommissie aangemeld as deel van die samesmeltingstransaksie tussen Milco Pty Ltd en Clover Industrieë Beperk. Die skuif is tans aan die gang en vorm deel van voortdurende pogings om bedrywigheid te optimaliseer deur die rasionalisering van Clover se produksiefasiliteite. Clover ondersoek verskeie opsies om die uitwerking op werknemers te versag en bly daartoe verbind om op te tree binne die voorwaardes wat deur die Mededingingskommissie opgelê word en in die beste belang is van sy kollektiewe belanghebbendes.



Heilbron se kondensmelkfabriek was met groot trompetgeskal in 1969 amptelik deur die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster geopen. Dit moes 'n groot hoogtepunt gewees het as die land se Eerste Minister dit belangrik genoeg geag het om dit te open.



Die destydse hoofingenieur van NCD, A. Landman, het Vorster vir 'n begeleide toer deur die fabriek gevat.

LUR vir landbou in die Vrystaat, Thembeni Nxangisa, het gesê die sluiting van enige landboubedrywigheid in die provinsie sal die ekonomie van die provinsie en werksgeleenthede tref. "Dit is baie jammer en hartseer dat die mense werk gaan verloor, wat ook huishoudings met 'n aantal

afhanklikes sal raak. Ongelukkig is ons departement nooit oor hierdie besluit geraadpleeg nie. Die meerderheid personeel het skeidingspakkette wat aangebied is, aanvaar. Slegs 'n klein persentasie is na die nuwe fabriek verplaas.

Sr LAH Health Services
INIC
 Exceptional Family Care
NOW OPEN
 42 Els str, Shop 1
 Heilbron, 9650
 Monday-Friday
 07:30-17:00
 Saturday
 07:30-12:00
 065 944 0640

BONUS HARDWARE
 HARDWARE
WATER TANKS
 260L Eco - R699
 500L Eco - R1399
 1000L Eco - R1999
 1600L Africa Slim Line - R3500
 1980L Eco - R1899
 2000L Africa - R1899
 2500L Yebo - R2399
 5000L Yebo - R4999
CASCADE DRUKPOMPE
 0.37kW @ R1599.90
 0.75kW @ R2399.90
 051 053 0189 | 31 BREE STREET | HEILBRON

KARAN BEEF
LOUIS KLEYNHANS
 082 770 1112
EVERT KLEYNHANS
 072 018 3685
KARAN BEEF BIED 24 UUR BETALING
0% KOMISSIE
Gehatte het nou naam!

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
 Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451
BKB
 The Trusted House of Auctioneers
 The International Trading and Auction
 www.bkb.co.za

POSTNET

heilbron@postnet.co.za
 064 988 6078 058 853 0006

OVER 400
 STORES IN SA

0-5kg **R99**



WELL DONE BRONNIES

Op Saterdag, 5 Februarie 2022, het meneer David en meneer Johan die streek se “Well-done function” bygewoon. Hoërskool Heilbron het met verskeie sertifikate en trofee weggestap vir puik matriekuitslae in 2021:

- 100% Slaagsyfer in 2021.
- Top 5 skole met 83,3% leerlinge wat toelating tot graadstudies het.
- Platinum toekenning vir 100% slaagpersentasie en 83,3% graadstudies.
- 100% Slaagpersentasie die afgelope 5 jaar (2017-2021).
- Toekenning as deel van distrik 2 wat die beste gevaar het in Fezile Dabi.
- Toekenning as deel van Ngwathe Munisipaliteit wat die munisipaliteit is wat die beste matriekuitslae in die Vrystaat behaal het.

Office National



100kg

KESTREL HIGH BACK CHAIR

- > Black PU
- > Chrome Base
- > Chrome PU Padded Armrests
- > Nylon Castors
- > Butterfly Mechanism

R2390
INCL VAT

BUY IN PAIRS @ R2200 EACH
PRICES VALID UNTIL 25 FEB 2022

CONTACT US:
finance@heilbron.co.za
058 852 3033

Office National



100kg

KINGSTON HIGH BACK CHAIR

- > Black Leather
- > Chrome Base
- > Chrome Padded Armrests
- > Nylon Castors
- > Butterfly Mechanism

R3990
INCL VAT

BUY IN PAIRS @ R3700 EACH
PRICES VALID UNTIL 25 FEB 2022

CONTACT US:
finance@heilbron.co.za
058 852 3033

Office National



100kg

LAGUNA RACING CHAIR

- > Black & Red PU
- > Painted Base
- > Painted with PU Padded Armrests
- > Nylon Castors
- > Butterfly Mechanism

R2490
INCL VAT

BUY IN PAIRS @ R2280 EACH
PRICES VALID UNTIL 25 FEB 2022

CONTACT US:
finance@heilbron.co.za
058 852 3033

Office National



100kg

ASTON RACING CHAIR

- > Black & Red PU
- > Ratchet Backrest
- > Height Adjustable Arms
- > Adjustable Headrest
- > Lumbar Support
- > Butterfly Mechanism

R3150
INCL VAT

BUY IN PAIRS @ R2800 EACH
PRICES VALID UNTIL 25 FEB 2022

CONTACT US:
finance@heilbron.co.za
058 852 3033



Voor vlnr: Elsabè van der Merwe, Liza-Mari de Wit, Dawid Knight en Mariaan Mouton.
Agter vlnr: El-Marie Cronjé, Henriëtte Janse van Rensburg, Johan Hoole, Salomie Viljoen en Marina van Zyl.

9 GOUE MEDALJES

Verlede week, 2-3 Februarie 2022, het Hoërskool Heilbron se atlete aan die Vaalrivier byeenkoms te Sasolburg deelgeneem. In totaal het 48 van ons atlete in die rondte gaan deelneem. Dit was twee vuurwarm dae en die son het onverbiddelik op die aarde gebak, maar die atlete was self aan die brand! Die Bronnies het puik presteer en in totaal 30 medaljes verower waarvan 9 eerste plekke was. Die volgende rondte atletiek, die Fezile Dabi byeenkoms, vind volgende week, 16-17 Februarie 2022, te Sasolburg plaas.



Op die foto vlnr: Derick Smith, Katleho Nortje, Monique Brits, Dané Potgieter, Leboeuf du Plessis, André Viviers, Mieke van Wyk, Anke Pepler en Bea-May Nel.

WILGIES SPOG MET NOG

Hoërskool Wilgerivier ontvang steeds toekennings vir die Matriekuitslae van 2021 nadat Heilbron Herald laas week berig het dat die skool die nommer een posisie verower het in die Top 20 – klein Afrikaanse skole.

- Renoster Trofee: Een van slegs 5 Platinum skole met 100% slaagsyfer.
- Trofee vir Top 5 graadstudie (Bachelor) in Fezile Dabi 98,5 %.
- Juf Claire Muller: Beste Afrikaanse uitslae in Fezile Dabi distrik.
- Mnr Hano Rautenbach: Beste Landbou Tegnologie uitslae in Fezile Dabi distrik.

“Ons is trots op die personeel en leerlinge”.



Op die foto: Claire Muller, Skoolhoof Hennie Pelster en Hano Rautenbach.

NGWATHE: NUWE 5 JAAR GOP IN WORDING

Ngwathe se nuwe raad moet tans 'n nuwe Ge-integreerde Ontwikkelingsplan (GOP) voorberei vir sy vyf jaar termyn. Die plan moet inligting bevat oor kapitaalprojekte wat gedurende die termyn uitgevoer moet word. Dit is noodsaaklik dat projekte wel in die plan vervat word, aangesien finansiering daarvoor hoofsaaklik uit staatsbronne bekom

word en die staat slegs projekte wat wel in die plan opgeneem is, vir finansiering oorweeg. Wetgewing vereis dat die munisipaliteit aan gemeenskappe geleentheid bied om insette te lewererakende welke projekte hulle as prioriteite beskou vir opname in die plan. Openbare vergaderings word dus tans in al die Ngwathe dorpe gehou om insette van die

publiek te bekom. Raadslid Phillip van der Merwe van die Vryheidsfront Plus reël tans vir dié doel 'n vergadering by die Dorpswag kantore om 17:30 op 23 Februarie 2022. Almal wat insette wil lewer oor wat in die plan opgeneem behoort te word, word versoek om asseblief die vergadering by te woon en hul insette daar te lewer, aangesien die waarskynlikheid dat projekte wat nie in

die plan vervat is nie enige aandag sal kry, gering is. Wanneer 'n raadslid sy gemeenskap se insette oordra, word vereis dat 'n bywoningsregister tegelykertyd verskaf word om die hoeveelheid steun vir die betrokke voorstelle te bepaal. Dit is dus belangrik dat soveel as moontlik inwoners die vergadering bywoon om sterk steun vir die dorp se voorstelle te bewys. Volgens raadslid Van der Merwe is enkele moontlike projekte wat Heilbronners aan kan dink die vervanging van die vrot hoofwaterleiding vanaf die Phiritona- na die Plotte-reservoir en ander hoofgeleidings, die herbou/herstel en hersêl van besige strate bv. Piercestraat en Kerkstraat (veral by die spooroorgang), asook die probleme by/met die stortingsterrein. Daar is volgens hom ook duidelik 'n groot behoefte om meer ringtoevoere, drukkleppe en stopkrane op netwerke te installeer. Hy vra dat inwoners vroegtydig projekte identifiseer en hul prioriteite ten aansien daarvan bepaal sodat sinvolle insette by die beoogde vergadering voorgestel kan word.

DJP Boerdery in die Heilbron/Oranjeville omgewing. Ik soek na: Plaasbestuurder

Die ideale kandidaat moet eerstehands ondervinding in die hele produksiesiklus van koringgewasse en veeboerdery hê. Geldige bestuurlike kennis word vereis. Kennis van implemente, trekkers, stroopers & gebruik daarvan.

Begreepde vaardighede gekoppel met jou uitstekende kennis van algemene bestuursbeginsels, goeie mensverhoudings, goeie kommunikasievermoë, leierskapskappe en 'n alianskapmentaliteit; sien ons uit na jou aansoek.

Die suksesvolle kandidaat sal onder andere verantwoordelik wees vir:

- Koste effektiewe bestuur van die Boerdery onder sy/haar beheer
- Effektiewe arbeidsbenutting en bestuur deur voorbeeld
- Bereiking van optimum produksie
- Bydra tot die sukses van die groep

Markverwante salaris en aan die bedryf, prestasiebonuss, gratis behuising en 'n voertuig vir werksdoeleindes word aangebied.

Diensaanvaarding so spoedig moontlik.

Dawit Potgieter: 082 335 3424
Epos: djp.potgieter@gmail.com

Pos beskikbaar vir 'n bekwame, gekwalifiseerde geoktrooleerde rekenmeester (GR) op 'n plaas geleë tussen Deneysville en Heilbron in die Vrystaat.

Pliete behels boekhouding en finansiële kontrole van gemengde boerdery.

Salaris onderhandelbaar. Eerlike, opregte persoon. Geldige rybewys. Pakket en werksure onderhandelbaar.

Pos sal geskik wees vir persone met baie ondervinding van nuutste rekenaar programme. Kan ook gesien word as 'n halfdag pos vir afgetrede persone.

Aansoeke sluit 25 Februarie 2022.

Kandidate wat in aanmerking kom sal gekontak word voor 28 Februarie 2022.

Epos: djp.potgieter@gmail.com

BUFFALO BAR
Gin, Whiskey & Brandy Tasting

11th & 12th February

Gin tasting Friday from 18:00
Whiskey & Brandy tasting Saturday from 15:00
Live music and Rugby

Free entry and tasting - Limited Space

Telkom Easy Connect Fibre – affordable internet for your home.

Introducing a NEW fibre solution that opens a world of monate in your home from just **R299pm.**

Stable and uncapped 10Mbps/5Mbps fibre.

No router required.

Affordable month-to-month contract.

Ungaphoswa, get **Telkom Easy Connect Fibre** for your home.

Call 10213 | Click telkom.co.za | Go to any Telkom shop

T&C apply. E&OE

ELKE-DAG-SE-WYN

Si-
trus, pynappel en appelgeure is van die antwoorde wat Ken Arthur van One Grape gekry het nadat verskeie Heilbronniers genooi is vir 'n wynproe-aand by die nuwe Buffel Bar langs Spur. One Grape Wines het in samewerking met Heilbron Spar, Buffalo Valley Spur, Gofresh, Heilbron Herald en OJ's Meat Market hierdie elke-dag-se-wyn, soos dit beskryf word, aan die gemeenskap bekend gestel. Elke wyn proe anders, want die proses, die druiwe, die weer en die veroudering speel 'n groot rol in die eindresultaat. Ken het seker gemaak almal in die lokaal verstaan elke wynsoort wat geproe was en vertel dat hulle al die pad vanuit Edenvale besig is om 'n internasionale handelsmerk te vorm. Gedurende pouse kon almal vingerhappies geniet en was hulle daarna weer reg om die res van die wyne te proe. Na afloop van die verrigtinge het daar geluktrekkings plaasgevind en het verskeie bywoners pryse gewen wat deur die borge

geskenk is. Buffel Bar beplan om nog sulke funksies aan te bied en kan inwoners reeds vanaand gaan Gin proe vanaf 18:00 en die Whiskey & Brandy proe word môre vanaf 15:00 aangebied.



Op die foto vl: Jimmy de Villiers-Smith en Danie Hattingh.



Op die foto vl: Jimmy de Villiers-Smith en Ferdie Smith.



Op die foto vl: Jimmy de Villiers-Smith en Ria Watson.



Op die foto vl: Jimmy de Villiers-Smith en Shaun Hayward.



Op die foto vl: Jimmy de Villiers-Smith en Wessel Hattingh.

15% Discount
on all
2022
Diaries
while stock lasts

Herald
Office National
058 852 3033

YOUR PRINTING PARTNER

FULL
CATALOGUE
AVAILABLE

Elsstraat 44 • Heilbron | Tel: 058 852 3033

GiG
Technologies (Pty) Ltd

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

New!!

AJAX Wireless
Smart Home Security Systems

Uit die pen:

Nadat Mamma teruggekeer het van kraamverlof, begin sy in aller yl oefen aan die befaamde konsert. Daar is oudisies, elke klas kry 'n liedjie om te sing, bewegings word uitgewerk, agtergrondmusiek opgeneem en alles wat daarmee gepaardgaan.

En weet julle, dames en here, ons gaan die konsert oor drie aande hou en ons gaan sakke vol geld maak. Ons gaan die personeelkamer uitbou, 'n lapa byvoeg en nuwe meubels daarvoor koop. Dalk moet ons ook sommer die gordyne verander? Dit gaan groot wees.

Elke klas oefen sy liedjie, van graad R tot in graad 12, as ek reg kan onthou. Daar is twee hoofrolle wie se woorde ingeoefen moes word, en al die groepies wat daardie jaar aan die eisteddfod deelgeneem het, word ook sommer in die konsert ingewerk. Die laaste toneel is almal op die verhoog (hou, stellasie, hou!) en sing "Don't Kill the World" van Boney M. Onthou, dit gaan groot wees.

Na baie gekyf is die konsert byna seepglad.

Uiteindelik breek die konsertaande aan, en almal bewe. Sommige van opgewondenheid, ander van frustrasie en ander sommer omdat hulle eerder by die huis wou sit, bene in die lug.

Die kleuterskool dogtertjies is blommetjies, met hulle fraai gesiggies wat deur die uitgesnyde blommetjie vir almal lag. Maar die laaste aand sak daar 'n bui reën uit waarvoor die boere nou al weke lank bid. Die kleuterskool is so 80 meter vanaf die skoolsaal en die blommetjies kom pap gereën by die saal aan. Die blare hang verlep oor die gesiggies. Hulle kan nie lekker sien nie (as gevolg van die pap blomblare) en dans maar so op gevoel. Die koning wat op 'n stoel in die middel van die verhoog staan, is drie jaar oud en met al sy rondskuiwery val hy van die troon af. Sy werk was om stil te staan, maar helaas.

In die middel van die konsert kom meld een van die personeellede dat hulle een van hulle kollegas se half gedrinkte bottel brandewyn in die toiletbak ontdek het. Ek weet nie wat daarvan geword het nie. Wie lig iedergeval 'n toiletbak op in die middel van 'n konsert? Dalk omdat die betrokke meneer 'n heerlike konsertaand gehad het, en uit volle bors saam gesing en gedans het.

Uiteindelik is die konsert verby, almal word hartlik bedank en die winste en verliese word bymekaar getel. Die uiteinde van die saak was dat die skool geld moes inbetaal op die uitgawes wat aangegaan is. En nee, die personeelkamer is nooit aangebou nie, geen lapa waar ons kon sit en braai nie en definitief geen nuwe meubels nie.

Maar Mamma, wat die konsert gereël het, glimlag steeds breed oor al die komplimente wat instroom. Sy maak sommer ook haar eie komplimente op, sou die okkasie dit vereis.

Later die jaar is dit prysuitdeling. Die einste funksie waarteen die skoolhoof ons gereeld waarsku: "Onthou, dames en here, ons mag nie hier foute maak nie."

Die personeel wat in die saal werksaam was om die kinders te beheer en diegene wat op die verhoog moes wees vir een of ander rede, het gewoonlik netjiese, donker klere aangetrek. Maar daardie aand kom Mamma by die prysuitdeling aan met haar ontwerpersaandrok.

Dit flikker van die seqiuns en sy het goue skoene aan om by die rok te pas. Die hals is waaghalsig en die rok val oop tot amper op haar heup.

Ek dink amper sy is vroeg huis toe.

Ons het nie weer saam met Mamma konsert gehou nie. Daar was ook nie weer 'n konsert voordat ek daar weg is nie.

Ek wonder hoe lank die skool moes inbetaal. Gelukkig het die kinders dit geniet.

WEEK 6 VAN 2022

Ons het in daardie dae nie 'n formele koor by die skool gehad nie. Dalk omdat, soos ek al vantevore gemeld het, die seuns moes gaan rugby speel. Dus kon almal wat wou, kom sing. Ek het elke jaar gedink dat ek oudisies gaan hou en net die beste stemme kies. Dan daag daar 10 kinders op met engelestemme en 20 wat graag wil sing, maar wat nie baie nootvas is nie. Dan word almal iedergeval deel van die groepie.

Daar was sangers wat nie 'n noot kon hou nie en ook diegene wat so min ritme gehad het dat hulle nie eers aan 'n deur kon klop nie.

Die eerste konsert was sommer 'n mengelmoes liedjies wat hulle met agtergrond begeleiding (aka backtracks) gesing het. Die tweede konsert was meer gestruktureerd en het 'n storie vertel.

Ek het die liedjies se woorde bymekaar gemaak, en hulle het vir eers met die klavier saam geoefen. Wanneer die liedjie amper gereed is, het ek die bewegings bygesit. Dit was 'n babelse verwarring vir sommige. As jy vals sing en nie kan ritme hou nie, word dit baie moeilik om die vals note en die onritmiese bewegings bymekaar te sit.

Die konsertaand het ook dan gepaard gegaan met 'n ete. Die mammas van die singendes het saam met die koshuistannie kos gemaak. Die kinders moes dan die kaartjies verkoop (wat hulle meestal nie gedoen het nie – hoe ken jy kinders?). Gelukkig was daar gewoonlik personeellede wat kom kyk het, en 'n paar dorpenaars. My ouers was ook gewoonlik daar.

Ons het nie sakke vol geld gemaak nie, maar daar was darem aan die einde 'n wins gewys.

Ek begin wild oefen aan konsert nommer 3, ek het al die liedjies bymekaar en was besig om die bewegings uit te werk, toe ek 'n speek dwars in my wiele kry.

Ons sien die gesinnetjie stadig deur die skoolgronde stap. Pappa, Mamma en twee kinders. Mamma is hoog swanger. Sy het blonde haartjies wat sy elke kort-kort eenkant toe swiep. Die Pappa lag ha-ha-ha vir Meneer se grappies.

Hulle is die son en die maan en Saturnus met sy drie ringe belowe om die pos by ons skool te aanvaar. En die blonde Mamma is goed met trompoppies en sing en spreekkore en dans.

Die blonde Mamma gaan hierdie jaar konsert hou.

Maar Meneer, wat van my konsert?

Jou konsert kan wag, word ek voor almal toegesnou.

Nou ja, dan wag ons konsert maar.

KENNISGEWINGS

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given that under the provisions of Regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue a certified copy of Deed of Transfer Number T 1266/1961 dated 28 March 1961 passed by –
CLAUDIA PISANI PRETORIUS (Born Rautenbach, in her capacity as Executrix Testamentary in the Estate Late JOSEF ALBERTUS PRETORIUS, No. 52/1959, acting under Letters of Administration, dated 19 January 1959 at Bloemfontein in favour of –
PIETER JOSEPH PRETORIUS (MINOR) (Born on 7 September 1944) in respect of certain –
ONE HALF (½) SHARE OF ERF 269 ORANJEVILLE, district HEILBRON, Province FREE STATE which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of publication of this notice.
APPLICANT: EXECUTOR: JACO VAN JAARSVELD ADDRESS: CATS CORNER BUILDING, 39 KROTON STREET SOUTH, WELTEVREDENPARK, 1709 E-MAIL ADDRESS: laura@em.law.za CONTACT NUMBER: 011 4759422 REF: MAT14607

KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE PETER JOHAN VENTER, IDENTITEITSNOMMER 540118 5076 085**, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Vierdestraat 27, Reitz, 9810, ongetroud.
DATUM VAN AFSTERWE: 2 APRIL 2021 BOEDELNOMMER: 004799/2021
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
Kennisgewing vir publikasie: 11 Februarie 2022.
PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR BLIGNAUT & WESSELS SAREL CILLIERSSTRAAT 29 REITZ, 9810

KENNISGEWING

In die boedel van **WYLE LEONIE THERON, IDENTITEITSNOMMER 310209 0011 082**, in lewe 'n weduwee en pensioenaris van Huis Bron-van-Heil, Langmarkstraat nr. 1, Heilbron, Vrystaat Provinsie, wie oorlede is te Heilbron op 26 Februarie 2021.
BOEDELNOMMER: 002876/2021
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bovermelde boedel ter insae sal lê vir 'n periode van een-en-twintig (21) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die kantoor van die meester van die Hooggeregshof Bloemfontein en die Landdroskantoor, Heilbron.
ELS PROKUREUR WISTERIALAAN 417 FAERIE GLEN PRETORIA POSBUS 1486 FAERIE GLEN 0043 E-POS: KOBUS@ELSPROK.CO.ZA SEL: 083 459 4993 FAKS: 086 512 0985 VERW: MNR.ELS/B367



MONDAY
14 February

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en **14:00 - 17:00** (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JOSIAS HENDRIK LE ROUX, IDENTITEITSNOMMER 421209 5020 084**, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Artiestraat 4, Reitz, 9810 getroud buite gemeenskap van goedere met **CAROLINA PETRONELLA JOHANNA LE ROUX, Identiteitsnommer: 440912 0013 080.**
DATUM VAN AFSTERWE: 29 AUGUSTUS 2020 BOEDELNOMMER: 007021/2020
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
Kennisgewing vir publikasie: 11 Februarie 2022.
PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR BLIGNAUT & WESSELS SAREL CILLIERSSTRAAT 29 REITZ, 9810

**BESIGHEIDSURE**

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdag:
09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**

22 Maart	
24 Mei	26 Julie
27 September	29 November

**PLOEGSEMOER**
Egte
LEER BELDE

**WERNER | 060 524 5567**
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

**MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY**

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

**OVERNIGHT COURIER**

● heilbron@postnet.co.za ● 058 853 0006 ● 064 988 6078

TO ALL MAIN CENTRES

**POSTNET HEILBRON**

DIENSTE SMALLS

**Andries Muller**
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

R

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

R

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Gesik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

**Winklere**

MAANDAE - DONDERDAE
07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

**POSTNET HEILBRON**

CRIMINAL RECORD CHECKS
NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON

• STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
• PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
• PRIORITY - 2 HOURS – R395.00



Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

**POSTNET Digital**

42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9850
Tel: 058 853 0904
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: <https://heilbron.postnet.co.za>

VERRASSINGSAAND BY HEILBRON FYNPROEWERSGILDE

Dis is goed om met ou vriende in ongewone tye te kuier, veral rondom 'n tafel met 'n heerlike bord kos.

En dit is presies wat die Heilbron Fynproewers op Vrydagaand, 4 Februarie gedoen het terwyl dit katte en honde buitekant reën! Soos ouder gewoonte skop die Fynproewers elke jaar af met hul jaarlikse “Verrassingsaand.”

Dis die geleentheid waar lede 'n gereg (verrassing) van hul keuse vir die opdietafel bring. 'n Gereg wat jy van hou, 'n gereg wat jy al bemeester het of 'n gereg met 'n storie.

Al die geregte word saam op die opdietafel gesit en almal eet dan saam. Aan die vleiskant van die borde was daar geregte soos skaapstert, skaapboud, skaapkerrie, rosyntjie-beestong, blatjang-hoender, hoenderlewertjies en roomslakke. 'n Heerlike groentegereg het ook deel van die borde uitgemaak.

Wortelslaai, Aartappelslaai, Brokkolislaai en Mengelslaai het die res van die borde afgerond. Om die aand af te sluit het 'n gebakte Appel Roly-Poly met vla, Melkertkaaskoek en Oom Faan se poeding met 'n brandewyn-twist op elkeen gewag.



MOORD OP FRITZIE PISTORIUS

• *Quarta Pretorius*

‘n Wond wat op hierdie wyse toegedien word, heel nie. 'n Mens leer om daarmee saam te leef. Op 26 Maart 1952, 70 jaar gelede, het die 10 jarige Fritzie Pistorius met sy fiets na die Taaibosspruit plaasskool gery. Ongeveer 3 km van sy huis af is hy deur 'n man vermoor. Die reeksmoordenaar het nooit



die doodstraf gekry nie, want hy is in die hof as geestelik versteurd verklaar en na Oranje Hospitaal in Bloemfontein verwys. Sy ouers, Fritz en Mattie Pistorius, sy suster Martie en broer Johan, was verpletter deur hierdie onsinige daad. Sy ma het dit egter Christelik benader en gereeld vir die moordenaar gebid. Die skoolhoof en leerlinge van die

Taaibosspruit skool het 'n gedenksteen vir Fritzie opgerig op die moordplek. Met die uitbreiding van die informele woongebied duskant Sasolburg het die monumentjie binne in die woongebied geval. Neels Botha, 'n hoenderboer op die Sasolpad het gaan hoenders smous in die plakkerskamp en die gedenksteen by een van sy kliënte sien lê. Hy het dit vir R50.00 gekoop en dit later vir Piet Lombard gaan gee. Piet het my daarvan vertel. Ek was daardie tyd in die Laerskool maar onthou nog goed van die moord. Ek het Madelein Fourie gekontak, want ek het geweet Fritzie was haar nefie. Sy het dadelik Fritzie se suster, Martie Jordaan (89 jaar), in Pretoria gekontak. Piet het genoem

dat hy die gedenksteen vir die familie sal gee. Hulle was baie opgewonde en het besluit dat hulle sal deurry Heilbron toe om dit in ontvangs te neem. Covid het ons egter 3 maande lank gestrem. Verlede Vrydag, 4 Februarie, het Martie en haar seun (ook Fritz) Heilbron toe gekom. Ons het so 'n klein byeenkoms met van die familie by die Museum gereël. Madelein en Flip Fourie, en Boet Els was ook teenwoordig. Martie en haar seun het besluit om nie die gedenksteen Pretoria toe te neem nie, maar dit aan die Museum te skenk. Ek glo hier is nog ouer Heilbronners wat Fritzie se moord 70 jaar gelede sal onthou. Ons eer sy nagedagtenis.

BETAAL KAVIAAR EN KRY ...

• *Tom Watson*

Daar kom dit nou deur... Heilbron se inwoners is seker nie die enigste dorp of distrik wat die pandemium deurmaak nie? Die afgelope week was die elektriese- en ook die watertoevoer heeltemal nul! Kisboude, dood, weg, weet nie of daar nog byvoeglike naamwoorde vir geen bestaan van die munisipale dienste is nie. Inwoners ontvang nie die diens gratis nie – dit geld nou vir inwoners van alle rasse en dan moet die inwoners nog 'n basiese heffing betaal vir niks. Klink vir my of die staat en sy onderafdelings van gesag nou 'n liefdadigheidsorganisasie geword het. In die sakewêreld geld “no work, no pay”. Die enigste bron waarvan ek weet wat geen styging in heffing vra nie en sy werk gratis doen, is die wind. Hy dryf 'n windpomp aan wat jare reeds gratis diens en water verskaf aan die mensdom. Dink nou aan die sowat 80 jaar wat dit water aan die plaasgesin verskaf het – sonder klagtes, behalwe dalk saans met sy gechir-chir 'n glimlag op die slapendes se gesigte bring, want dan weet hulle daar sal die volgende dag water in die tenk wees. Baie dorpenaars het ook die waters gebruik om veral hul groentetuine te besproei! Die gesegde dat mens by ontwikkeling moet aanpas is seker waar as jy wil voortbestaan, maar dan moet ontwikkeling behoorlik gediens word. Dit is hier waar ons geagte o.a. munisipaliteit nie die mas opkom nie. Die bewyse is, daar is geen krag en water nie en om dan nie eens te praat van slaggate in paaie en vullisverwydering, nie. Die boeregemeenskap moet ook opdok met erfbelasting, want hulle gebruik dan



kwansuis ook die dorpspaaie – die klompie boere wat nog in die land oorbly kan nie 'n duik in die paaie maak nie, maar los dit daar! Wat wel 'n probleem is... Wie hou die plaaspaai in stand, daar waar die klompie boere sorg vir voedsel vir die volk? Jare gelede tydens 'n finansiële vergadering van Heilbron se munisipaliteit, is die opmerking gemaak dat daar te veel bestee word aan amptenare se besoldiging en daar dan nie fondse oorbly vir instandhouding, uitbreiding, ens nie. Nou kom ons terug na die afgelope donker waterlose week wat maar 'n voorsmaak is van wat voorlê... “You pay Caviar and get fish and chips”.



Op die foto bo agter vl: Boet Els, Madelein Fourie, Fritzie Jordaan en voor Martie Jordaan. Foto erkenning: Dawie Fourie

Foto links: Monument opgerig vir Fritzie wat vermoor is.



Winkelure

MAANDAE - DONDERDAE
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

SO ROL DIE BOERE

Die gewilde liedjie “Dis hoe ons rol” was dalk heel gepas die afgelope 2 weke toe die boere kom rolbal speel het. Rol is daar gerol, met name soos Raakrollers en Jollers, almal lekker oorspronklike name.

Die wenspan het my laat wonder, maar toe dink ek aan ons Blitsbokke wat so goed gedoen het met die afgelope sewes toernooi. Dit laat my toe besef die antwoord lê by hul afrigter, Neil Powell. Toe drop die pennie, daar staan twee jongmanne wie se ma kookwater rolbal speel en 'n ouer spanmaat wie se ouers albei uitstekende rolbalspelers was en die vierde spanmaat, hy is die motiveerder en die man wat sorg dat die span nie dors raak nie! Waterman ala Rassie Erasmus? Was dit ooit water?

Die wedstryd was deurentyd op 'n mespunt gebalanseer. Die laaste bal het die ding gedoen, want die span wat as naaswenners gekroon is, Die Bure, het dalk ook 'n onregverdigde voordeel gehad met 'n oud-rolbalspeler in die persoon van Alwyn Swart

en natuurlik speel daai “medisynetjies” wat hy “vervaardig”, ook 'n rol.

En dan was daar natuurlik ook die “alliansies” wat gevorm is, soos byvoorbeeld Gottenburg se Broodryks wat as Elandskop gespeel het. Sonder om politiek te praat lyk dit of die alliansie geslaagd was en het hulle derde geëindig, sonder 'n rumoer in die “raadsaal”.

Na die prysuitdeling is daar weer lekker gekuier. Gelukkig is die plantseisoen agter die rug en kon die boere die volgende dag seker 'n welverdiende ruskansie vat, want die dag was lank, baie lank... met dank aan Edward en Christiaan Muller.

Vir die bestuur van die rolbalklub was dit weereens een groot lekkerte om hierdie “challenge” te kon aanbied vir ons boere. Intussen word daar hard geoefen deur ons vier spanne wat die 19de Februarie in Kroonstad aan die NVS uitspeel-wedstryde gaan deelneem en ons is seker Heilbron se spelers gaan ons weer trots maak.



Op die foto vl: Eben Claassen, Tsaats Hattingh, Koki Claassen, Hannalie Claassen en John Watson.



Op die foto vl: Michiel Broodryk, Rose Broodryk, Pollie Els en Johan Broodryk.



Op die foto bo: Jeff Roos.



Op die foto vl: Corjan Roos, Kerneels Fourie, Jeff Roos en Alwyn Swart.



PUBLIC NOTICE



REQUEST FOR DECLARATION OF INTEREST IN WARD COMMITTEES

Ngwathe Municipality hereby invites interested groups and individuals operating in the section mentioned below to declare their interest to participate in the establishment of ward committees for its 19 wards, the purpose is to try to ensure that all sectors operating in each ward are represented in the ward committees.

The sectors may include but not limited to women, elderly, youth, disabled, education, religious groupings, health and welfare, business (formal and informal sectors), environment, and tourism, community safety forums, agricultural association, unemployed, rate payers association and civic association.

For more information please contact office of the Speaker, **Liebenbergstrek, P.O. Box 359, Parys, 9585. Municipal Main Offices. @ 056 861 2700**

Interested individuals and groups are therefore invited to nominate candidate on the prescribed forms that can be obtained from the office of the Speaker at **Liebenbergstrek, P.O. Box 359, Parys, 9585. Municipal Main Offices. @ 056 816 2700**

No late forms will be accepted, please note further that only the prescribed forms must be used for nominations. No fax or email will be accepted, only original copies

Copies can be obtained from all Municipal Offices units: **Parys, Vredefort, Koppies, Heilbron and Edenville**

NB. All submission must be made on or before 1 February 2022

1. What is Ward Committee?

Ward Committees are voluntary bodies established by municipalities in terms of part 4, section 72 to 75 of the Municipal Structures Act, No 117 of 1998. They are established to assist and work with the ward Councillors to amongst other things do the following:

- a) Express the needs and concerns of the residents within the ward
- b) Identify development priorities with the ward
- c) Promote and facilitate interaction between the council and the community in particular ward
- d) Respond to the concerns of the residents within the ward
- e) Involve the residents in the ward in identifying and prioritizing needs.

2. Criteria for people who may stand for election:

- a) He/She must be at least 18 years or older on the date of the election
- b) He/She must be a South African citizen with a bar coded identity document/ smart card
- c) He/She must be a registered voter
- d) He/She must reside in the specific ward that he/she is availing himself/herself
- e) He/She must not have a criminal record or and offence and sentenced to imprisonment
- f) He/She is not an employee of Ngwathe Local Municipality
- g) He/She must be active in the sector they represent.

3. To qualify for elections, the nomination of each candidate must meet the following procedure.

- a) A candidate can only be nominated by another person who is eligible to vote in the election of that specific ward
- b) A candidate's nomination must be signed by nominator and seconded by twenty (20) of persons who are eligible to vote in the election of that specific ward
- c) The candidate can only be nominated by means of the prescribed form issued by the municipality
- d) The nomination form must specify the sector or geographic area that the nominee represents

4. To be able to participate in the election, person must.

- a) He/She must be at least 18 years or older on the date of the election
- b) He/She must be a South African citizen with a bar-coded identity document
- c) He/She must reside in the specific ward that he/she is availing himself/herself to be elected
- d) He/she must not have criminal record
- e) He/She is not an employee of the Municipality(both District and Local)
- f) He/She Must be a registered voter in that specific ward

HERALD

Sport

SPEEL VRYDAE NEGE PUTJIES EN WEN

Glip vroeg by die werk weg en kom speel nege putjies gholff, dit kan jou dalk net R33 000 in die sak bring. Jy betaal R100 en daarvoor kry jy vyf kaartjies in die geldpot-trekking en kan jy ook deel in die dag se prysgeld.

Die Adam en Eva Gholfdag word Saterdag aangebied en miskien kan mamma nou sien hoekom kom jy so mistroostig by die huis na 'n lang dag op die baan. Spelers word

versoek om teen 10:30 aan te meld. Spel sal om 11:00 in aanvang neem.

Verlede Saterdag se HBA maandbeker is gewen deur Jackie Leonard, met 'n netto telling van 69. Tweede was Christiaan Muller met 70 en Eben Stander in die derde plek met 75 houe.

Jackie en Wiam wen hulle eerste dubbelpotjiespel 7/5 teen Johan Nelson en Willie Pretorius.

FOR BUYING, SELLING AND LETTING OF ANY PROPERTIES

JANSEN PROKUREURS
EST. 2004
PROPERTIES

1111 4th Ave 2010 | Cell: 081 737 4091
Email: L.Jansen@prokureurs.co.za
38 PIERCE STR | P.O. BOX 890 | HEILBRON | 9650

LANDBOUKUNDIGE ADVIES

RADLEY BUSINESS SOLUTIONS

- Finansiële ontleding van Boerderyondernemings
- Langtermynbeplanning van Boerderyondernemings
- Uitbreiding van Boerderyondernemings bv.: Grondaankope, huur van grond, meganisasieervanging
- Lewensvatbaarheidstudies
- Struktuur van Boerderyondernemings
- Opvolgbeplanning in Boerderyondernemings

Dr. Andries Radley
(PhD Landbou-Ekonomie)
079 493 1144

andriesr@radleysolutions.co.za

Valentine's Day SPECIALS

For YOUR LOVED ONE

- Couples Cushions @ R99
All size prints on 2x pillow cases. Pillow cases must be provided.
- Custom Coffee Mug @ R110
Custom print on a coffee mug. Design included.
- Newspaper Love Letter @ R99
Ask your Valentine the traditional way.

For THE LOVE OF YOUR BUSINESS

- 500x Flyers @ R499
A5 Double-sided in full colour - design must be provided.
- Vehicle Magnets @ R149
2x 400x300mm magnets with UV Protection.
- 200x Branded Pens @ R995
Your logo on Chicco ball pens.
- Newspaper advertising @ 10% discount

All orders and bookings to be made before 9 February 2022 to avoid disappointment. Prices are excluding VAT | Specials are valid until 29 February 2022

YOUR LOVING PARTNER IN PRINT *Heilbron Herald*

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

L'ORÉAL MEN EXPERT

1-in-1 WASH R141.00
SKIN OIL R154.00
MOISTURISER R151.00

063 721 4950 087 527 0733
113 platteland@heilbronsport.co.za
17 Wessmarth Street, Wessmarth Estate, Heilbron

WISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER

P.J. Müller
060 966 9340

AFSLAER

Ian Grobbelaar
060 965 6207

Frankfort/Roadside/Cornelia

Corjan de Jager
079 506 8777

Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside

Fanie vd Merwe
082 494 3127

Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort

David Gerber
082 489 7424

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Fanie vd Merwe (Junior)
061 180 6802

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Pula Gillomee
082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjeville

Hugo Groenewald
082 569 7205

JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)

Winkelure

MAANDAG - DONDERDAG: 07:30 - 17:00
VRYDAG: 07:30 - 16:30 • SATERDAG: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 14 FEBRUARIE 2022

HANDHAAF Kwartaliese veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

DINSdag - 15 FEBRUARIE 2022

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELAAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

FRANKFORT Bonsmara Aantelveiling
11:00, RAC, Frankfort
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

WOENSDAG - 16 FEBRUARIE 2022

DANIELSRUS Twee-maandelikse veiling
Kontak Geyer Terblanche 072 584 6164

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

BLOEKOMSPRUIT Twee-maandelikse veiling
Kontak Rudy Nagel 082 905 6066

BOTHAVILLE: Majobe Merno's
11:00, Vlaklaagte, Bothaville
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

DONDERDAG - 17 FEBRUARIE 2022

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

REITZ: Nico Kriek & Vriende
Rooi aantelbeeste
11:00, Welgetuk, Reitz
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

VRYDAG - 18 FEBRUARIE 2022

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

SATERDAG - 19 FEBRUARIE 2022

POTCHEFSTROOM: Ruswater & Noord-Wes
Dormer produksieveling
11:00, Potchefstroom veilingkrale
Kontak Fanie Kruger 082 859 1867

BKB Louwid

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbLouwid.co.za